e Hervormer

WEEKLIKSE NUUSBRIEF MET KOMMUNIKASIE EN KOMMENTAAR

23 Oktober 2008
Jaargang 1 – Uitgawe 33

## In hierdie uitgawe


- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Advertensies
- Agterblad




# VOORBLAD

## Kerk van die Hervorming

**Oktober is Kerkhervormingsmaand, en op Sondag 26 Oktober hou ons Hervormingsfees. In sy redaksionele berig in *Die Hervormer* van Oktober 2008 skryf prof Piet Geyser dat ons as Kerk van die Hervorming onsself behoort af te vra of ons nog in die gees en bedoeling van die Hervorming kerk is en teologie beoefen. Hier volg 'n uittreksel uit sy berig.**

In ons waardering van die vrugte van die Kerkhervorming van die 16de eeu, staan die herontdekking van die Bybel voorop. Die voorreg is steeds daar om die kernboodskap van die Bybel te kan lees en aan te gryp as die boodskap om in die regte verhouding met God te kan leef – en dit dan ook nog in die taal wat mense verstaan, soos ons in Afrikaans. Dit neem die risiko nie weg dat 'n mens sonder die nodige kennis en verwysingsraamwerk ook in die bos van die 66 boeke verdwaal kan raak nie.

Daarom verwag ons onder andere dat ons predikante 'n deeglike opleiding sal deurloop om die Bybel met die nodige kundigheid en met die regte geloofsgesindheid te kan uitlê en verkondig. Om die Bybel in die ontvouing van die ryk geskakeerde boodskap en in sy fynere nuanses reg te verstaan, verg die totale inset van hart en kop van 'n goed gevormde predikant/teoloog.

As kinders van die Hervorming dreig daar gevaarligte vir die Kerk wat graag roem op 'n Bybels-Reformatoriese teologie wanneer –

- teologiese opleiding verdag gemaak word;
- hermeneutiek en eksegese van die Bybeltekste, as 'n baie fyn kuns en tegniek, deur onopgeleides onder verdenking geplaas word;
- ons die standpunt sou probeer afdwing dat die 16de eeu die laaste woord oor die Bybel gespreek het;
- kerklike leerstellings buite verhouding die gesag kry van absolute uitsprake; of
- daar veral teen die Bybelwetenskappe aversie ontwikkel omdat mense die bevindings van die worsteling met die tekste as bedreigend ervaar.

Kom ons hou liewer met nederigheid en dankbaarheid vas aan die vrug van die Hervorming in ons eerlike en opregte omgang met die bron – *sola Scriptura.*

Die basisdokument vir hierdie *e-Hervormer* is die Kerknuusberigte wat op 22 Oktober 2008 uitgereik is deur dr Fanie Pretorius, sekretaris van die kantoor van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering.

## Kontakbesonderhede:

**Webwerwe/-skakels:**
Webblad van die Hervormde Kerk - www.nhk.co.za
*Hervormer* webwerf - www.hervormer.co.za
*e-Hervormer* - www.hervormer.co.za/page03.html
Hervormer LIG! - www.hervormer.co.za/page04.html

## E-posadresse:

**Redaksie -**
epos@hervormer.co.za
**Nuus en berigte -**
nuus@hervormer.co.za

## Inhoud:

Die *e-Hervormer* word uitgegee onder redaksie van *Die Hervormer*.
Alle artikels, advertensies en kennisgewings is onderhewig aan goedkeuring deur die redaksie.

## Teken in op *e-Hervormer*

Teken in *op e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

Stuur 'n e-pos na epos@hervormer.co.za of besoek die webwerf by www.hervormer.co.za en kliek op die 'Teken in'-opsie.

# BEROEPE EN STANDPLASE

## Beroep ontvang

**Ds Rudi Schoeman** (foto links bo) van Welkom na Schweizer-Reneke.
**Prop Maryke Potgieter** (foto regs bo) na Swartkop (benoeming: opdrag Bediening in die Verenigde Koninkryk).
**Prop André Harmzen** na Swartkop (benoeming: opdrag Bediening in die Verenigde Koninkryk).
**Ds Hein Delport** (foto regs onder) van Krugersdorp na Swartkop.

## Behoud van ampsvoorreg

Beroepafwagtende predikante moet voor **31 Oktober** jaarliks aansoek doen by die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV) vir die behoud van hulle ampsvoorreg en, waar van toepassing, vir preekvergunning.

## Vakante standplase

Kontak asseblief die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by ernest.vaneck@up.ac.za indien u uitgebreide inligting oor vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by www.nhk.co.za geplaas wil hê.

## Vakante standplaas: Kombinasie Witbank/Witbank-Noord

Die kombinasie Witbank/Witbank-Noord wag aansoeke in van predikante van die Kerk om die **voltydse standplaas** te vul. Die aansoeke sluit op **Donderdag 30 Oktober 2008.** Aansoeke moet gerig word aan die Kombinasiekomitee by faksnommer 013 650 0985 of per e-pos aan Sandra.nhk@web4us.co.za.

## Vakante standplaas: Gemeente Strand

Aansoeke van predikante van die Hervormde Kerk word ingewag vir die vul van Gemeente Strand se **volversorgde standplaas** wat op 23 November 2008 vakant raak. Kandidate op die kortlys mag genooi word om op koste van die gemeente daar te gaan preek en ’n onderhoud met die kerkraad te voer. Die kerkraad behou die reg voor om ’n predikant te beroep wat nie aansoek gedoen het nie. Om aansoek te doen, moet ’n volledige CV, met verwysings, teen **Vrydag 31 Oktober 2008** gestuur word aan die skriba van die gemeente, by Posbus 417, Strand 3139, of per e-pos na johanjaco@mweb.co.za. Navrae kan ook aan die skriba, oudl J Botha, gerig word by telnr 021 851 6351.

## Vakante standplaas: Gemeente Krugersdorp-Wes

Die gemeente wag aansoeke in van dinamiese predikante met 1-4 jaar ervaring vir hulle **volsorgstandplaas.** Die lidmate woon in ’n radius van ongeveer 5 km. Daar is 263 belydende lidmate (waarvan 87 bo 60 is) en 85 dooplidmate. Die sluitingsdatum vir aansoeke is **Maandag 10 November 2008.** Stuur aansoeke asseblief aan Doug.Musgrove@absa.co.za.

## Vakante standplaas: Amsterdam / Piet Retief / Pongola

Aansoeke van predikante/proponente word ingewag vir bogenoemde standplaas. Tans is daar ’n kombinasieooreenkoms tussen Amsterdam en Piet Retief, en ’n samewerkingsooreenkoms met Pongola ten einde ’n **volversorgde standplaas**, met doelmatige pastorie te Piet Retief, te vorm. Die bedieningsarea strek vanaf Kosibaai aan die grens met Mosambiek tot by Sheepmoor (duskant Ermelo), en sluit ongeveer 375 belydende lidmate in (eweredige ouderdomsverspreiding). ’n Gemotiveerde aansoek met besonderhede van referente en ’n volledige CV moet die Beroepskommissie teen **Donderdag 20 November** by fransred@nhk.co.za of Posbus 6, Piet Retief 2380 bereik. Skakel ds Frans Redelinghuys by 083 556 5637 vir meer inligting.

## PREDIKANTE EN GEMEENTES

- **Ds Johan Wagenaar** van Gemeente Johannesburg-Wes aanvaar op Sondag 26 Oktober emeritaat. Hy was sedert sy ordening werksaam in die gemeentes Durban-Suid, Marble Hall en Johannesburg-Wes. By Johannesburg-Wes het hy ook die studente van die destydse Randse Afrikaanse Universiteit bearbei. Hy was een van die Kerk se gereelde radiopredikers, en het twee termyne lank gedien as lid van die Kommissie van die AKV.

- **Ds WP Prinsloo** van Gemeente Waterberg-Wes aanvaar ook op Sondag 26 Oktober emeritaat. Dr Daan van Wyk (sr) sal namens die Kommissie van die AKV die emeritaatakte aan hom oorhandig. Ds Prinsloo het die gemeentes Witbank-Suid, Suidoos-Witbank, Ventersdorp en Waterberg-Wes bearbei, en was veral betrokke by die Raad vir Kerkmusiek.

- **Ds Eksteen Botes** van Gemeente Nelspruit se vader is Sondagnag 19 Oktober oorlede. Hy word op Vrydag 24 Oktober vanuit die kerkgebou van Primrose begrawe. Ds Werner Swanepoel doen die teraardebestelling en ds Botes lei self die begrafnisrediens.

- **Ds Etienne Verhage** se nuwe e-posadres is etienne.v@lantic.net.

- **Ds Tinus Swart** behartig hospitaalbesoeke aan Hervormde lidmate in Bloemfontein. Lidmate en hul familielede van buite die gebied wat in die hospitaal besoek wil word, kan hom skakel by 083 686 2568 / 051 522 2616.

- Met die oog op die beroep van 'n tweede predikant, wil **Gemeente Randburg** graag kennis maak met die Kerk se predikante. Die volgende datums word opsygesit vir besoekende predikante: 21 Desember 2008, 25 Desember 2008 (Kersdiens), 28 Desember 2008 en 4 Januarie 2009. Predikante wat belang sou stel om van hierdie **preekgeleenthede** gebruik te maak, moet die gemeentelike kerkkantoor kontak by 011 787 4983, of Elna van der Walt by ElnaV@nhk-randburg.org.za. Die liturgiese orde, Skrifgedeelte, tema en liedere moet so spoedig moontlik deurgegee word, sodat die multimedia voorbereidings gedoen kan word. Enige navrae kan gerig word aan ds CJ van Wyk by 011 787 3020 of cjvwyk@nhk-randburg.org.za.

- **Gemeente Theresapark** is op 23 Oktober 25 jaar oud. Die geleentheid word feestelik gevier op Sondag 26 Oktober met 'n Dankdiens om 10:30, gelei deur prof Theuns Dreyer, voorsitter van die AKV. Alle oudlidmate en ander belangstellendes word uitgenooi na die feesgeleentheid. Vir meer besonderhede kontak ds Fanie Naudé 012 542 1321 / 083 391 3151 of die gemeentelike kerkkantoor by 012 542 3568.

- **Gemeente Barberton** ontvang op 30 November sy nuwe predikantspaar. Ds Albert Minnaar van Glencoe het die beroep aanvaar. Die gemeente was maande lank vakant na die ontheffing van hulle vorige predikant. Prof Bieks Beukes het die gemeente die afgelope tyd bygestaan as brugpredikant nadat hy sy werk in Kitwe, Zambië afgehandel het.

- **Gemeente Benoryn** het besluit om sy standplaas te wysig na deelversorging. Die gemeente moet eers toestemming kry vir die wysiging van die standplaas voordat 'n beroep uitgebring kan word.

- **Gemeente Vredefort** is weer op dreef. Na die skielike afsterwe van ds Pierre de Beer is die gemeente bedien deur ds Tharina Steenkamp, wat kosbare werk gedoen het. Op Sondag 12 Oktober 2008 is dr Gerrie en mev Marie Bloem in die gemeente verwelkom. Dr Bloem sal die gemeente as pastorale hulp by wyse van 'n bedieningsooreenkoms verder bedien.

- **Gemeente Nelspruit** hou op Saterdag 31 Januarie 2009 die vierde Maroelafees op die kerkterrein in Belladonnastraat. Dit is in die hoogseisoen van die maroela en al die aktiwiteite vind plaas rondom hierdie besondere inheemse vrug. Ons begin reeds om 08:00 en sal tot laat bedrywig wees met 'n dag vol pret en plesier. Toegang is gratis. Verskeie maroelaprodukte gaan uitgestal en te koop wees, soos velsorgprodukte, geregte om aan te proe, maroelaresepteboeke en veredelde boompies. Kontakpersoon: Almarie van Rooyen 083 465 7902.



- **Eerstejaarstudente van Potchefstroom** word aanstaande jaar op 'n Eerstejaarskamp verwelkom deur ds Rudi Denton en sy vrou Terzi. Dit vind plaas vanaf 13 tot 16 Januarie 2009 by Serube Sa Phakwe. Meer besonderhede is na gemeentes van die Kerk gestuur en kerkrade word versoek om dit aan die jongmense bekend te maak. Ds Rudi Denton kan ook geskakel word by 018 294 3509 of 082 459 9710. Besprekings moet voor 6 Januarie 2009 geskied.

- **Eerstejaarstudente van Stellenbosch** word genooi na 'n kamp van Saterdag 17 Januarie 13:00 tot Woensdag 21 Januarie 11:00. Dit is die beste manier om vinnig vriende te maak en jou omgewing en kerk te leer ken. Die koste is R300 vir die vier dae, alles ingesluit. Kontak asseblief vir ds Chris le Roux by 082 905 0818 / 021 887 2685, of vir Paul van der Merwe by 072 317 9784.

## ANDER NUUS

- Die Kerk dra gelukwense oor aan **prof Johan Buitendag**, wat vanaf 1 September 2008 aangestel is as **Departementshoof** van die Departement Dogmatiek en Christelike Etiek aan die Fakulteit Teologie, Universiteit van Pretoria. Met prof Buitendag se aanstelling beskik die Hervormde Kerk tans oor drie departementshoofde uit die ses teologiese dissiplines aan die Fakulteit.

- **Komende vergaderings**

  - Die **Moderamen** vergader op Donderdag 23 Oktober om 09:00. Daar sal onder meer gesprek gevoer word met die Rade vir Gesinsorg en Erediens. Ds Wilhelm Coetzer sal ook gesprek voer oor aspekte van die werk van die Algemene Diakensvergadering (ADV).
  - Die **Finansiële Komitee van Die Ondersteuningsraad** vergader op Vrydag 24 Oktober om 09:00.
  - Die **Raad vir SENTIK** vergader op Maandag 27 Oktober om 10:00.
  - Die **Direksie van Die Ondersteuningsraad** vergader op Dinsdag 28 Oktober om 10:00.

- Die Kommissie van die AKV sal by sy vergadering op 13 en 14 November, die laaste vergadering van die jaar, 'n nuwe redakteur vir *Die Hervormer* benoem. Prof Piet Geyser tree aan die einde van Januarie 2009 af. Die benoeming geskied in samewerking met die redaksie van *Die Hervormer*.

## KOMMENTAAR

**Geagte Redakteur**

Dit is elke keer vir my 'n lang wag totdat die volgende *e-Hervormer* uitkom. Dit is lekker om op die hoogte van ons kerknuus te kom, en in so 'n maklike formaat.

Ek is van mening dat daar beslis baie meer mense of instansies is wat ook van die *e-Hervormer* sal hou. Daarom dink ek daar moet 'n bewusmakingsveldtog in die Hervormde Kerk gedoen word om die Kerk se webblad ensovoorts te adverteer, en meer mense te kry om in te teken op die nuusbrief.

Dit sal ook vir my aangenaam wees as daar dalk 'n artikel of twee ekstra kan wees, veral oor aktuele sake wat die Kerk raak. En ook van verskillende skrywers/teoloë, om so al die stemme binne die Kerk te kan hoor.

Verder wil ek u meedeel dat, ten spyte van die alewige *waar gaan ons jeug heen*, daar regtig nog 'n klomp mooi jong kinders in ons kerke is! As jeugouderling in ons gemeente en nou betrokke by hoërskoolkinders wat voor baie uitdagings in hul lewens te staan kom, het ek gesien dat met die regte leiding, voorbeeld en so 'n bietjie hard praat op die regte tye, hulle ook ware trotse Christengelowige Hervormers is. As jong man wil ek u graag versoek om ons jeug aan te moedig om in te skakel en deel te neem.

**Oudl Banna Botha**
**Lid van die Kommissie van die AKV**

- Indien u probleme ondervind om die *e-Hervormer* te lees, gaan na die Kerk se webblad by www.nhk.co.za → Publikasies → e-Hervormer → Laai Adobe Reader af.

## ADVERTENSIES

- **Gemeente Klerksdorp-Doringkruin** benodig 'n **voltydse orrelis.** Gewone orrelisteskale dien as vergoeding. Die sluitingsdatum vir aansoeke is einde Oktober. Tree asseblief in verbinding met ds André Ungerer by 018 468 5129 of 082 940 8201 indien u belangstel.

- **Gemeente Turffontein** het 'n vakature vir 'n **orrelis.** Die gemeente het nie aanddienste nie, dus moet die orrelis optree tydens oggenddienste, huwelikbevestigings en begrafnisse. Aansoeke met 'n volledige CV kan per e-pos gestuur word na loftusmans@myconnection.co.za. Skakel die skriba van die gemeente, Miemie Labuschagne, by 076 284 6099 indien u meer inligting benodig.

- **Gemeente Kempten** het 'n vakature vir 'n **orrelis**. Die gemeente het nie aanddienste nie, dus moet die orrelis optree tydens oggenddienste, huwelikbevestigings en begrafnisse. Aansoeke met 'n volledige CV kan per e-pos gestuur word na egf@global.co.za. Skakel die skriba van die gemeente, Jan du Toit, by 011 976 3500 / 082 924 4645 indien u meer inligting benodig.

- **Vakature: Geregistreerde verpleegkundige/stafverpleegster**

  Ons Tuis in Riviera, tehuis vir verswakte bejaardes, benodig die dienste van geregistreerde verpleegkundiges/stafverpleegsters. Kandidate moet oor goeie interpersoonlike en kommunikasie-vaardighede beskik. Ervaring van die verpleging van bejaardes sal 'n sterk aanbeveling wees. Die salaris en diensvoorwaardes is onderhandelbaar. Stuur u CV per faks na 012 329 3626 of per e-pos na otbestuur@bejaardesorg.org. Die sluitingsdatum is **30 Oktober 2008**.

- **Gemeente Vaalpark** hou op Vrydag 24 Oktober sy agtste jaarlikse **gholfdag** by Meyerton se gholfbaan. Inskrywings beloop R130 per speler. Dit is 'n IPS-spel en die eerste afslaan is vanaf 11:00. 'n Ligte aandete word na die prysuitdeling bedien. Die gemeente sal 60% van die geld wat geïn word, vir barmhartigheidswerk in die plaaslike gemeenskap bewillig. Om in te skryf, kontak Danie le Roux by 082 816 8453 of per e-pos by danie.leroux@eskom.co.za, of Johann Hugo by 082 920 9455.

- Op Saterdag 25 Oktober hou **Gemeente Belfast** hul jaarlikse **gholfdag.** Alle belangstellendes moet asseblief skakel met Christelle du Toit (tel 083 737 4930) of Annemarie of Cecilia by die klub (tel 013 253 0981). Die gholfdag neem die vorm aan van 'n IPS-spel, en die koste is R150 per persoon. Dit sluit 'n ete in. Daar is goeie pryse te wen. Bespreek vroegtydig om teleurstelling te voorkom.

- **Gemeente Weltevreden** hou op Dinsdag 28 Oktober sy jaarlikse **gholfdag** by Eagle Canyon aan die Wes-Rand. R1 600 per vierbal – dit sluit in 'n gholfkarretjie, gholfhemp en 'n ete. Konak Tinus de Wet by 082 774 7013.

- Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys **(TOIBO)** hou vanjaar hul tweede **gholfdag** by die Pretoria Buiteklub, op **Vrydag 7 November**. Die inskrywingsfooi is R400 per persoon. Enige bystand met die pryse sal ook waardeer word. Vir meer inligting, inskrywings of borgskappe, kontak Karin du Toit by 012 320 7644 of stuur 'n e-pos aan toibo@nhk.co.za.

- Die **NHSV** beskik oor **beurse/lenings** vir studente in enige studierigting. Slegs lidmate van die Hervormde Kerk kwalifiseer daarvoor. Die lenings/beurse wissel van R500 tot 'n maksimum van R3 000. Aansoekvorms kan van die NHSV kantoor aangevra word: telefoonnommer 012 325 0117; e-posadres nhsvhoofbestuur@nhk.co.za. **Sluitingsdatum** vir aansoeke is **15 November** jaarliks. Geen laat aansoeke word aanvaar nie. Vir verdere inligting, kontak asseblief die NHSV kantoor.

- **Oorwinningskinders** is 'n projek van die ADV. Hierdie groep jong Hervormers hou konserte om fondse in te samel vir ander jong mense in nood. Kontak dr Wilhelm Coetzer by 012 322 8885 of mev Marita Fourie by 011 953 1402 vir optredes.




- Die NHSV hoofbestuur stel met trots bekend die uithaler resepteboek ***Smul met smaak***. 'n Groot verskeidenheid heerlike resepte is saamgestel deur Maryna Loots, wat in eie reg 'n bobaas bakster is. Baie ander dames het ook resepte ingestuur. Dit is 'n pragtige Kersgeskenk wat u met die grootste vrymoedigheid aan familie en vriende kan gee. Stel die boek asseblief ook in u gemeentes bekend. Kontak Jeanette Fourie by die NHSV kantoor 012 325 0117 of 082 429 1565 om bestellings te plaas. Die prys is R100.

- **Op pad Kaap toe in Desember?** Dan is **De Voor Gasteplaas** by **Colesberg** 'n moet! 'n Nag se oorstaan of sommer 'n volbloed uitspan kan die lang pad baie korter maak. Kom geniet armsvol weelde in die Bo-Karoo by Christa en Andries Breytenbach. Tel 012 348 1003, 072 401 5464 of 051 753 1377 (laasgenoemde gedurende die vakansie).

# AGTERBLAD

## God word mens

**Kan óns mede-mense word?**

Die tema vir die Advent- en Kersfees-uitgawe van *Konteks* is *medemenslikheid.* Die voorbladfoto beeld 'n roos met reëndruppels op 'n glasblad uit. Die glas weerspieël die roos en die reëndruppels.

Dr Wian Kloppers, redakteur van *Konteks,* skryf in sy redaksioneel soos volg:

Die roos is een van die mees gewaardeerde geskenke wat ons uitdeel en ontvang. Dit is simbool van meelewing, vriendskap, liefde, medemenslikheid. Reëndruppels is simbolies van lafenis, nuwe lewe en groei – dit dui in hierdie uitgawe metafories op 'n nuwe Kerkjaar, nuwe geleenthede. 'n Roos wat oopvou, is teken van broosheid, wat dui op die risiko's van 'n nuwe begin, die waagstuk met medemenslikheid, vriendskappe, verhoudings...

Só kan die weerspieëling in die glasblad 'n simbool wees van verkondiging – alles van die mooi wat bo-op staan, word teruggespieël. Dit sê ons weerkaats die mooi van die blye boodskap wat elke jaar met Advent en Kersfees nuut ontvou.

Die stille verwondering van die Adventstyd in afwagting op Kersfees, maak ons elke jaar weer kind. God word kind. Hy bring ons daarmee weer aarde toe! Ons kom los van die pretensie van grootmens-speel. Ons ontdek ons eie menswees in God se mens-wording. Die groot vraag is egter: Kan ons mede-mense word? Kan ons vir mekaar medemense wees?

***** Teken gerus in op ons gesinstydskif, of enige van ons ander publikasies.**

Die pryse vir die publikasies vir 2009 is soos volg:
*Almanak en Bybelse Dagboek* R90
*Konteks* (10 uitgawes per jaar) R110
*Die Hervormer* (11 uitgawes) R70

Bestellings moet geplaas word by mev Cecile Naudé van SENTIK, by tel 012 322 8885, faks 012 322 7906 of sentik@nhk.co.za.